**17 Desember**

## Die verheerlikte Christus oorwin sy en ons vyande

**Skrifgedeelte: Hebreërs 10:11-25**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 10:13, 14**

Kruis versoeking my pad, lok die sonde baie verleidelik. Swig ek, voer die sonde ’n staatsgreep oor elke faset van my lewe uit. Alles loop verkeerd. Ek mis my doel. Sonde laat ’n mens, as voorwerp van God se toorn, afstuur op die ewige dood.

Self kan ’n mens nie aan die magsgreep van die sonde ontkom nie. Die vyande wat ons dood soek (Satan, die wêreld wat teen God in opstand is en ons ou sondige natuur, die verraaier in elkeen van ons – HK 52:127) dryf ons om in elke sonde te val.

God is almagtig. Hy is die enigste een wat met die sonde kan afreken. Hy het dit ook in en deur sy Seun gedoen (Rom 8:1-4). Jesus Christus het Homself aan die kruis geoffer en ons só met God versoen. Met sy volmaakte offer het Hy ons uit die magsgreep van die sonde bevry. Hy het ons tot volmaaktheid gebring (Heb 10:14). Hy bereik God se doel met ons.

Nadat Christus sy volmaakte offer vir ons sonde gebring het, het Hy vir altyd aan die regterhand van God gaan sit (Heb 10:12). Aan die hand van Psalm 110 blyk dat sy heerlikheid nog nie sy toppunt bereik nie. Hy moet nog sy en ons vyande finaal onderwerp (HK So 19).

Hy kom weer – hierdie keer in heerlikheid. Elke knie sal dan voor Hom buig. Elke tong sal bely dat Hy Here is (Fil. 2:10, 11). Sy oorwinning staan vas!

*Sing: Psalm 31:1, 7 (2001)* *Ds. Johan Jordaan (Kimberley)*